HANTAM MUNISIPALITEIT
HANTAM MUNICIPALITY

VERWYSING NR. T&C 01-2023/2024

Hantam Munisipaliteit, met sy setel op Calvinia, beskik tans oor die volgende vakature en aansoeke word ingewag van bevoegde persone wat aan die gestelde minimum posvereistes voldoen. Voorgeskrewe aansoek vorms is beskikbaar by die kantore en op die webtuiste (**www.hantam.gov.za**) van Hantam Munisipaliteit. Hantam Munisipaliteit is 'n gelyke geleentheid werkgewer en eerbiedig die bepalings van die Wet op Gelyke Indiensneming.

ONAFHANKLIKE KONTRAKTEUR – BIBLIOTEEK ASSISTENT (MIDDELPOS)

VEREISTES:

Om te voldoen aan die vereistes van die pos, moet u oor die volgende beskik:

- Graad 12 (NQF 4)
- Rekenaargeletterd
- Hoë vlak van verantwoordelikheid
- Vermoë om noukeurig te werk en op die fynste besonderhede te fokus.
- Goeie geskrewe en verbale kommunikasie vaardighede

SLEUTEL PRESTASIE AREAS

- Werk op die SLIMS stelsel
- Grondige kennis van die Dewey Desimale Klassifikasie stelsel
- Gebruik die Brokaatstelsel
- Verantwoordelik vir die sirkulasie van biblioteek material
- Behartig die registrasie van nuwe lede
- Proseseer nuwe boeke en geskenkboeke
- Doen katalogiesering van boeke
- Assisteer leners en besoekers om boeke of inligting te bekom
- Assisteer leerders met inligting vir skooltake
- Help met die aanbieding van programme
- Verantwoordelik vir uitstallings in die biblioteek
- Verantwoordelik vir die "snoei" van boeke
- Help met voorraadopname
- Laai boeke op die SLIMS stelsel

STANDPLAAS: Middelpos

SALARIS: R 2 900-00 p.m

SLUITINGSDATUM: Donderdag, 28 Maart 2024

Gesertifiseerde afskrifte van Identiteitsdokument, Kwalifikasies, nie ouer as 6 maande asook ‘n volledige CV moet u aansoekvorm vergesel.
Indien u nie binne 3 weke na sluitingsdatum terugvoering van die Munisipaliteit kry nie, kan u, u aansoek as onsuksesvol aanvaar.

Neem Kennis:

- Slegs kandidate wie voldoen aan die vereistes sal gekontak word.
- Geen laat aansoeke sal aanvaar word nie.
- Epos aansoeke sal ook aanvaar word.
- Gunswerwing by Raadslede en/of enige lid van die aanstellingskomitee en/of enige personeellid van Hantam Munisipaliteit, is ontoelaatbaar en sal aansoekers onmiddellik diskwalifiseer.
- Maak asseblief gebruik van die korrekte aansoekvorm soos per webtuiste voorsien

Aansoeke kan gerig word aan:

Mnr. T. Tlhoaele
Waarnemende Munisipale Bestuurder
Hantam Munisipaliteit
Dr Nelson Mandela Rylaan 20
Privaatsak X14
Calvinia, 8190
E-pos: records@hantam.gov.za

Navrae kan gerig word aan:

Mev. E. de Wet, Waarnemende Direkteur: Korporatiewe Dienste
Tel: 027-341 8500
E-pos: edewet@hantam.gov.za

- Hantam Munisipaliteit behou die reg voor om nie ‘n aanstelling te doen nie.

MNR. T. TLHOAELE
WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER